# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (28/18)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 13 Julie 2018

***"The trouble with normal is it always gets worse" Bruce Cockburn***

## CGA-OPNAME: ONTEIENING SONDER VERGOEDING (OSV)

Verlede maand het CGA se Navorsingsekonoom, Portia Gasa, 'n opname-vorm aan alle produsente gestuur om 'n idee van hul reaksie op die OSV-proses wat tans in die land plaasvind, te bekom. Een-en-veertig produsente het gereageer. Alhoewel dit 'n klein hoeveelheid is – is die antwoorde die moeite werd om te deel. Die produsente wat gereageer het, was van die Limpopo en Oos-Kaap (30% elk), Wes-Kaap (24%), KZN (10%) en Mpumalanga (5%). Hulle het sitrusboorde van >200 ha (35%), 100 tot 200 ha en 60-100 ha (20% elk) en tussen 0 en 30 ha (20%). Ongeveer die helfte van die respondente was van mening dat die grondwet verander moet word om die OSV toe te laat. Toe hul gevra is wat hulle sal doen as die Grondwet verander word om OVS toe te laat, het net meer as die helfte gereageer dat hulle sal voortgaan soos voorheen, as produktiewe produsente voel hul dat die verandering geen impak sal hê nie. Net meer as 20% het gereageer dat hulle sal voortgaan om te boer, maar sal beleggings verminder. Die finale 27% het gereageer dat hulle van hul grondbesit sal afstand doen en die sektor verlaat. Respondente het ook alternatiewe opsies vir suksesvolle grondhervorming in Suid-Afrika gegee. Die volledige verslag is aan alle produsente gestuur. Produsente word aangemoedig om deel te neem aan verdere opnames. Dit is vinnig en maklik om te voltooi, en verskaf aan die CGA 'n idee van sy lede se menings. As u nie 'n afskrif van die OVS-opname se resultate ontvang het nie, kontak asseblief vir Portia by portia@cga.co.za (sluit u PUC in sodat ons die kommunikasie-databasis kan opdateer).

## NICHOLAS (NICK) GUTIERREZ AANGESTEL AS CGA VERTEENWOORDIGER IN DIE VSA

In Junie 2013 het die CGA vir Bruce McEvoy aangestel om die CGA in die VSA te verteenwoordig. Vir die vyf jaar termyn wat Bruce die CGA verteenwoordig het, het hy waardevolle bydraes in die behoud, groei en optimalisering van Suid-Afrika se uitvoere na die VSA gelewer. Dit sluit deelname aan AGOA-gesprekke met beide die Suid-Afrikaanse regering en die Suid-Afrikaanse ambassade in Washington in - intensiewe voorspraak met almal wat by die onderhandelinge betrokke was, wat uiteindelik tot die voortsetting van belastingvrye toegang vir sitrusprodukte gelei het. Bruce het die Houston-taakspan begin – verseker dat proefverskepings die weg gebaan het vir uitvoere na die suidelike hawens. Veranderinge aan die werkplan het operasionele doeltreffendheid verbeter en kostes verminder - sonder om die VSA aan enige risiko bloot te stel. Dit was 'n groot voorreg om saam met Bruce te werk - sy energie, entoesiasme en kalm benadering was baie goed vir die Suid-Afrikaanse sitrusprodusente oor die afgelope vyf jaar. Ons wens hom net die beste toe vir sy welverdiende aftrede (alhoewel dit met Bruce twyfelagtig is of hy ooit sy pas sal verslap). Vanaf 1 Julie 2018 het CGA vir Nick Gutierrez as ons verteenwoordiger in die VSA gekontrakteer. Nick is 'n veteraan van USDA APHIS - hy het sedert 1997 in verskeie posisies binne APHIS gedien, insluitend tye in België en Mexiko. Sy mees onlangse posisie was Streeksdirekteur van USDA-APHIS in Mexiko vanaf 2007 tot 2015. Nick bring saam met hom 'n rykdom van kennis rakende tegniese marktoegang en 'n netwerk van kontakte in die VSA.

## OHRIGSTAD EN BURGERSFORT

Tot op datum het slegs vyf produsente in hierdie streek op die opname rakende die streeksverteenwoordiging gereageer. Voltooi asseblief die opname - dit sal letterlik minder as vyftien minute neem - sodat u keuse aangeteken kan word.

## CGA GROWER ONTWIKKELINGSMAATSKAPPY

Gister het die CGA Grower Development Company hul raadsvergadering gehou en het Ronald Ramabulana op die Raad verwelkom. Ronald was voorheen die Hoof uitvoerende beampte van die Nasionale Landboubemarkingsraad (NLBR) en is reeds besig om sy merk in die maatskappy te maak. Een van die Raad se agendapunte was die Jaarverslag van die CGA GDC - wat gefinaliseer is. Dit is baie duidelik dat hierdie maatskappy verder as die "vormingstadium" is - en reeds besig is om te presteer. As voorbeeld - in die afgelope jaar of so is daar twee-en-vyftig besigheidsplanne vir swart sitrus produserende entiteite ontwikkel. Hierdie besigheidsplanne is die grondslag waarop ondernemings beplan, groei en presteer. Dit is noodsaaklik dat diegene wat hul besigheidsplanne ontvang het, dit as 'n "lewende dokument" gebruik - dateer dit met nuwe inligting op en volg die aanbevelings om volhoubaarheid en winsgewendheid te verseker.

## GEPAK EN VERSKEEP

Die Sondagsrivier streek het hierdie afgelope week hul nawelskatting met een miljoen kartonne verminder.

| Tot Week 27 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Annavanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2016 | 2017 | 2018 | 2017 | 2018 | 2018 | 2018 | 2017 |
| Pomelo's | 11.9 m | 14.4 m | 15.9 m | 11.4 m | 12.9 m | 16.8 m | 17.7 m | 15.7 m |
| Sagte Sitrus | 8.1 m | 8.3 m | 9.7 m | 7.5 m | 8.1 m | 14.7 m | 16.4 m | 13.4 m |
| Suurlemoene | 11.5 m | 14.8 m | 14 m | 13 m | 12.2 m | 20.6 m | 20.3 m | 19 m |
| Nawels | 19.2 m | 15.6 m | 18.1 m | 13.2 m | 13.9 m | 25.7 m | **24.6 m** | 21.1 m |
| Valencias | 7.8 m | 8.4 m | 5.8 m | 4.9 m | 1.8 m | 53.9 m | 53.1 m | 53.8 m |
| **Totaal** | **58.5 m** | **61.5 m** | **63.5 m** | **50 m** | **48.9 m** | **131.7 m** | **132.1 m** | **123 m** |

**DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**

Citrus Growers' Association
OF SOUTHERN AFRICA

CRW